

## **Geestelike en statutêre volkshervorming ter voorbereiding van 'n vreedsame volksbestaan.**

Die samevating van hierdie voorlegging word onder andere gevind in: **2 Kron.7:13 tot 15** As EK die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as EK die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as EK pes onder MY volk stuur, :14 en MY volk, oor wie My NAAM uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en MY AANGESIG soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal ÉK uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. :15 Nou sal My oë oop wees en MY ore luister na die gebed van hierdie plek.

Daar is tien elemente hierin vervat, nl.:

- i) Die volk het die HERE (JHWH) se weë verlaat;
- ii) Die HERE (JHWH) maak bemoeienis met die volk oor wie SY NAAM uitgeroep is;
- iii) JHWH (die HERE) se terugroep van Sy volk begin by tug;
- iv) Daar moet begrip by die volk ontstaan vir die HERE (JHWH) se tug;
- v) Dan moet daar skuldbesef ontstaan;
- vi) Dan moet daar gebuig word in skulderkenning en om vergifnis gepleit word;
- vii) Dan moet die volk regstelling doen;
- viii) Dan staan die belofte om vergifnis;
- ix) Dan sal genesing plaasvind in 'n ordelike, Godvererende en fisies voorspoedige land;
- x) Dan sal daar weer 'n vryvloei van kommunikasie wees tussen die volk en haar GOD.

### **VOLKSBEWUSSEIN**

JHWH (die HERE) maak bemoeienis met sy volk ter wille van SY NAAM en nie ter wille van die volk nie. JHWH is nie in diens van die mens nie maar die verbondskind en die verbondsvolk is in diens van die HERE [JHWH]. Daarom dat ons die term "MY dienskneg" en "MY diensvolk" voorop moet stel in ons totale bestaans verwysingsraam. Wanneer ons kyk na die ontstaansgeskiedenis van Israel en van die Afrikaner/Boerevolk, dan vind ons vele ooreenkomste.

## ISRAEL

Met die vorming van die volk Israel wou JHWH vir HOM 'n getuienisvolk skep. HY het al vir Abraham bekend gemaak dat hulle vir 400 jaar slawediens sou verrig.

Die rede wat die HERE hiervoor aangee is nie strafgerig oor die kinders van Abraham nie. Hulle sou in slawediens gehou word "totdat die ongeregtigheid van die Amoriete vol geword het." (Gen.15:13 tot 16)

Ook is hierdie slawediens deur JHWH aangewend as 'n sekulêre drukfaktor om die kinders van Abraham begerig te maak om te trek na die land wat aan Abraham beloof is. Hulle moes fisies eenkant kom sodat die HERE van hulle 'n religieus gedrewe volk kon maak om getuienisvolk vir JHWH te kan wees. In die proses het die HERE dit dan nodig geag om sekulêre druk aan te wend, dan religieuse en statutêere grondlegging te doen en dan as soewereine volk te vestig met JHWH as statutêre HOOF. Die volksverordeninge was gebaseer op die HERE se voorskrifte wat TENVOLLE uiteengesit was VOORDAT die volk as soewereine volkshuis gevestig was.

In hierdie vooraf proses is die volk en haar SKEPPER gebind in die Verbond van Horeb en dié deel van die volk met slawe mentaliteit en die wat twyfelaars was, fisies verwyder - (Jes. 5:6,7).

In hierdie proses het JHWH (die HERE) gebruik gemaak van leiers wat HOM voortdurend geraadpleeg het. Maar so het Josia dan ook sy eerste fout gemaak toe hy vergeet het om JHWH te raadpleeg met die begenadiging van die Gibeoniete -(Jos.9:14).

Nadat die ou volk gevestig was in die beloofde land het hul begin om die verbond van Horeb te vergeet of te ignoreer. Dan het die proses van begenadiging begin met die fisiese bemoeienis van JHWH om die volk weer tot inkeer te bring. Dit het dan uitloop op die geestelike hervorming wat die terugkeer tot die Horeb Verbond met hart en siel beteken het. Die HERE noem hierdie opregte diepsinnige geestelike hervorming "die besnydenis van die hart".

Wanneer die volk egter hardnekkig die Weg van JHWH verlaat het en die oppergesag van die HERE as hul KONING en KONING van alle konings, misken het, het JHWH die statutêre maatreëls gewysig, HOMSELF onttrek en heidense oorheersing as tugmaatreël ingestel. So is die Tien stammaryk die skeibrief gegee (Jer.3:8) om verswelg te word onder die nasies MAAR tog met die belofte om 'n oorblyfsel weer uit die nasies te roep met die Nuwe Verbond wat sou kom, tot 'n geestelike eenheid wêreldwyd en as fisiese statutêre versamelings in die land van hulle vaders, nl. rondom Jerusalem en ook aan die suidpunt van Afrika (onderkant die riviere van Kus).

Vir Juda het JHWH dieselfde strafgerig ingestel maar nie die skeibrief gegee nie omdat die MAN van die Nuwe Verbond uit die stam van

Dawid sou kom. Ook met die belofte dat hulle na 70 jaar fisies sou kon terugkeer om te begin met religieuse hervorming ter voorbereiding vir die koms van die Nuwe Verbond. Die MAN van die Nuwe Verbond sou weer die skeibrief ophef met Efraim, hom opnuut verloop met Efraim en Efraim en Juda weer verenig. Deurgaans vind ons dat geestelike hervorming die beginpunt is van volkome volksherstel .

## DIE AFRIKANER/BOEREVOLK

Die Afrikaner /Boerevolk se versameling begin by die vooruitskouing van JHWH via die profeet Jeremia. Die versameling van die kinders van die HERE wat in die Nuwe Verbond as familie herstel sou word sou gekenmerk word deur twee prominente prosesse, nl.

(i) die verkondiging van die blye Boodskap deur vissermanne..."EK stuur baie vissers.....wat hulle sal vang.." en

(ii) voortdurende suiwering deur vervolging....."daarna sal ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag..(Jer.6:6). Deur vervolging is die valse en lou meelopers uitgeskakel. 'n Voorbeeld hiervan is die vervolging van die Protestante tydens reformasie. Derduisende het die Roomse kerk verlaat. Maar toe erge vervolging sy loop neem het tienduisende besluit om hul voor te doen as Rooms-katolieke, maar om in privaatheid in hul huise die Protestantse geloof uit te leef. Hierdie verskuilde sogenaamde Protestante en hul nageslag het verswelg geraak in die see van Rooms-katoliesisme.

Anders as met ou Israel, is die voorgangers van ons volk uitgesif juis op grond van hul geestesverbondenheid in die Nuwe Verbond. In die loop van die reformasie het ons Nederlandse voorouers vir 80 jaar fisies oorlog gevoer om statutêr onder beheer van die Roomse Spanje uit te kom, gedrewe deur hul verbondenheid aan die MAN van die Nuwe Verbond. Ons het hier weer die noodsaak van statutêre Vryheid ter volksuitlewing van hul Protestantse geloof. Dis van hierdie mense wat hul heenkome na die Kaap gevind het. In Ons volk se wordingsgeskiedenis vind ons dan ook die voortdurende gelykloop van sekulêre drukfaktore en die versugting tot staatkundige selfbestuur met vaste geloofsbevestiging.

## LOFVERKONIGING

Vanaf die grondleggers se bewese GODSverbondenheid deur Van Riebeeck se amptelike gebed met hul landing en sy Geloofte 2 jaar later, deur die Groottrek en Bloedrivier, vanuit die geloofsbevestiging met die vestiging van die Boererepublieke, deur die ootmoed by Paardekraal met die versugting tot die herstel van die soewereine Boerevolkshuis, het ons volksvaders JHWH (die HERE) se lof verkondig. Buitelandse waarnemers het hulle tot op hierdie stadium geïdentifiseer as die mense van die BOEK (die Bybel). (Sou Johannes Calvyn opstaan uit sy onbekende graf sou hy nog op een plek in die wêreld die suiwer bevestiging van die Protestantse geloof aantref, nl. by die Boerevolk aan die Suidpunt van Afrika ..... het een waarnemer geskryf).

Daarna het die stoflike seëninge van die wêreld se grootste natuurlike rykdom vir die Afrikaner/Boerevolk 'n vloek en 'n struikelblok geword wat ook uiteindelik op ons volk se teenwoordige ballingskap uitgeloop het.

#### TEËNSPOED EN SONDE

President Kruger het in sy tyd die teënspoed van sy volk toegeskryf aan die sonde onder die volk, insluitende die nie nakoming van die Bloedrivier Gelofte.

Sederdien is teëspoed onder ons volk nog nooit weer in verband gebring met sonde en nalatigheid by ons volk nie.....nie deur politieke of geloofsleiers nie, tot weer in die jaar 2002. Ons volk is weereens gedwing om van ons GODgegewe soewereine reg afstand te doen. **Hierdeur wil die HERE (JHWH) ons volk opnuut tot introspeksie bring deur erge strafgerig om ons te laat terugkeer tot SY Weë.** Hieruit sal ons dan volgens SKRIFverwachting ook vind dat 'n minderheid die geloofsekerheid sal behou. Ook sal 'n minderheid hulle laat waarsku deurdat die meerderheid die strafgerig nie sal bemerk nie. 'n Minderheid sal dus die pad van geestelike rehabilitasie soek, hulle verootmoedig en onderneem om die sondes onder hulle self en onder ons volk teen te werk. Dit sal ook die minderheid van ons volk wees wat staatkundige vryheid as deel van hul geloofsdenke sal sien om as volkshuis JHWH se lof te verkondig en om die heerlikheid van SY vrede te kan beleef. Die minderheid sal die ROEPSTEM hoor....."hulle sal MY NAAM aanroep....en EK sal sê :Dit is MY volk .....en hulle sal sê: JHWH (die HERE) ons GOD" (vgl. Sag.13:8,9).

#### OMSTANDIGHEID TANS

Ons het met ons volksverootmoediging tydens voorafgaande volksvergaderings en volkskonsilies 'n lang lys van volkssondes opgestel wat ons voortdurend namens onself en namens ons volk bely. Daar sal nog vele wees wat nog nie genoem is nie. Die skuldbesef het begin posvat sedert wyle Dr Willie Marais in die jaar 2002 weer die eerste volksvoorganger, na Pres.Kruger, was wat ons volk se statutêre onderwerping in verband gebring het met volksonde. Hierna is die geestelike herstel en verootmoediging beoog deur die Volksverootmoedigings Aksie te Pretoria.

Die teenwoordiges by die volksvergaderings en volkskonsilies sedert die jaar 2009 het verder tot op hede (2018) voortdurend twee maal per jaar in ootmoed om skuldvergifnis en bekering gesmeek. Daar is ook tans by Hagesdam 'n beplanningsgroep onder leiding van Dr Jann Schlebusch wat die vuur vir geestelike volksherstel brandend wil maak. Die regstelling bly egter tans feitlik onwaarneembaar op ons volksakker. Die ramshorings van die volksverspieders is nog onhoorbaar in die ore van ons volk en die WOORD van die HERE is skaars in die dae en word nog steeds skaarser.

Daar is ook nog nie voormanne in ons volk aan wie gehoor gegee word wat wil waag om die heidense oorheersing as 'n strafgerig te verklaar

en te verkondig nie. Die meerderheid volg nog die pad van humanisme en wil nog van hierdie satansdoolhof 'n statutêre sukses probeer maak en verfoei vryheidsdenkende volksgenote.

Die tyd word egter uitgekoop sodat daar ter voorbereiding van 'n toekomstige GODSvererende volkshuis eers geestelike rehabilitasie kan plaasvind. Ons volk moet haar praktiese afkeur toon in die geluksgodin (Jes.6 5:11,12), die vertrapping van die Sabbat as heilige dag (Jes.5 8:13.14), permissiwiteit en huweliks ontrou (vyf en sewentig present van ons volk se kinders word in gebroke huise vir die lewe voorberei), die gelate offer van ons kinders op die altaar van Molog (Sinkretistiese en volksveragterende onderwys opvoeding), die aborsie moord van duisende van ons volk se ongeboore kinders, die aanvaarding en selfs verheffing van sodomie as 'n normale deel van ons samelewing, volksvermenging en verbastering en so kan ons aangaan.

In hierdie dinge moet ons volk 'n gewetens wroeging begin kry. Maar tans word ons volk se innige verbondenheid aan die HERE (JHWH) deur ons Protestantse geloofsoortuiging (wat ook die grondslag is van ons volks Geloftes), weggekalwe. Ook kan diegene van ons volksgenote wat hierdie dinge raaksien maar die vuur van ons volk se geestelike hervoming nie help brandsteek nie, nie vrygespreek word nie. JHWH (die HERE) waarsku deur die profeet Jeremia: "Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van die HERE te doen" (Jer.48:10).

## VOLKSIDENTITEIT

Die teken van volksherstel op die geestelike gebied sal wees wanneer daar teruggekeer word na ons Verbondsidentiteit. Dit sal meebring dat onderlinge verdeeldheid sal verdwyn en die begrip sal posvat dat die wêreld se humanistiese regeerstelsel van demokrasie nie verenigbaar is met ons volksidentiteit nie. "Want as 'n huis in homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie" (Mark.3:5).

Nog minder kan die Huis van Bloedrivier tot stand kom wanneer die bouers met verskillende bouplanne wil begin bou. Die Primêre aanslag wat daarop gemik is om ons volk te vernietig, is om ons identiteitskennis en ons verbondskennis uit te wis (Hos.4:6). Binne die verwysingsraamwerk van 'n verbondsvolk van JHWH (die HERE), kry ons die identiteitsgebod: "Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng kan word in die land wat die HERE jou GOD aan jou gee". Hierin word die afstammingslyn en die verbondslyn bevestig. Indien ons jong ouers en ons volk se kinders so ver gebring word dat hulle hulle verbondsidentiteit en volksidentiteit verag en verlaat weens gebrek aan kennis, dan haal ons die toorn van GOD vir ons op die hals. (Want) "julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van HOM wat julle uit die duisternis geroep het tot SY wonderbare lig" (1Petr.2:9).

Die Afrikaner/Boerevolk is volk van GOD. Daarom ook het die GEES ingegryp by Vegkop 2009.

'n Volksvergadering wat gedryg het om uitmekaar te spat het eensklaps tot die eenparige besef en besluit gekom dat die volk weer haar verbondspad (wat haar identiteit as GODSvolk gevorm het) moet naspeur en begin loop. Die Protestantse geloofsbasis van "deur genade alleen word ons instand gehou", vorm die bloudruk van ons verbondspad. Vanuit die Protestantse hervorming, vanaf die dankbare erkenning vir toegedeelde seëninge deur Jan van Riebeeck, deur die smeltkroes van moord en roof en Britse minagting, vanaf die wieg van Afrikaans as geskrewe taal as die enigste taal ter wêreld waarvan die ontwikkelings motivering ontbrand het om die Bybel leesbaar en verstaanbaar vir haar sprekers te maak, deur die noodroep by Bloedrivier, deur die terugkeer tot die vergete Geloof van Bloedrivier en die hulpgeroep by Paardekraal met die versugting vir die herstel van statutêre vryheid voor hul barmhartige en genadige GOD, deur die dankoffer van die lippe na Majuba, deur die heilige onderneming tot broederliefde van 9 September 1939, deur die ontbranding van die vuur vanaf Komatiepoort tot aan die voet van Tafelberg met die hernude herdenking van die Bloedriviergeloofte, gelyklopend met die versugting van volkome statutêre vryheid wat met dankbaarheid beleef was met Republiekwording.....dit was die draaiende slypsteen wat die identiteit van die Afrikaner/Boerevolk geformeer het as 'n volk van GOD.

GEE AG JHWH (dieHERE) sê: " Gee ag op wat julle wederveraar het". (Haggai 1:7). Ons ken die pad van ons vaders. Terugkeer na hierdie pad van uniforme identiteit sal weer onbreekbare eenheid van denke onder ons volksgenote meebring. Gebeur dit nie, gaan GOD ons volk verpletter in SY toorn totdat ons begin met volksreformasie (Sef.3:11b,12). Wanneer ons ons verootmoedig en ons opnuut klee met ons GODSbereide volksidentiteit, dan sal GOD ons volgens SY vasstaande beloftes in SY groot genade aansien (11Kron.12:7,8; Sef.3:15).

## STATUTERE VOORBEREIDING

Wanneer ons volk haar menslike onmag verklaar het as basis vir ons vryheidsversugting na 'n GODSvererende volkstuiste, dan moet ons gelyklopend practise ons geloof demonstreer met daadwerklike statutêre voorbereiding en om die herstel op 'n skriftuurlike ordelike basis te laat geskied sodat JHWH (die HERE) demonstratief deur die volkshuishouding vereer sal word en SY lof voortdurend uitgeleef en verkondig mag word.

Ons kry dit nog algemeen dat ons volksvoorgangers, wat hul op sekulêre vlak beywer vir ons volk se vryheid, van mening is dat die staatsvorm en huishoudelike ordening eers uitgewerk kan word nadat ons ons vryheid bewerkstellig het. Dit sal GOD nooit weer toelaat nie ! Wanneer dit ons oortuiging is dan sal sporadiese deelname aan volksverootmoediging bloot gesien kan word as deel van vormgodsdienste en 'n modebegrip sowel as slegs'n middel tot 'n sekulêre doel sonder dat die hart van ons volk waarlik besnede is.

Ons ken almal ons volk se inherente sondige neiging tot verdeeldheid. Om hierdie statutêre voorbereiding uit te stel sal ons weer bring tot 'n bespotting van broedertwis en GODS ontering. Nou terwyl ons in die geloof GOD neem op SY beloftes terwyl ons onder verdrukking verkeer, moet ons die hand aan die ploeg slaan want "wat baat dit my broeders as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie!" (Jak.2:14). Ons moet met mekaar ooreenkom en as getuïenis aan die wêreld bekend maak hoe ons as volk eenparig hiermee ons loffer wil bring.

Met die SKRIF as staatkundige en regsmodel moet hierdie voorbereiding met geestelike ywer gedoen word. Hierdeur sal ons sekerheid onder mekaar kry van hoe die ordening van ons vrye volkshuis sal verloop ter vervulling van die Bloedrivier Geloofte om die stigting van 'n Huis vir die HERE (JHWH) na te kom en die vervulling van die profesie van Sefanja 3:15 te beleef, nl.: "Die HERE het jou oordele opgehef, jou vyande weggeveeg; die KONING van Israel die HERE (JHWH) is by jou."

#### REEDS BEGIN

Met die wonder van Vegkop 2009 (VV2009) het die vergadering eenparig besluit dat dit die pad, DIE ENIGSTE PAD, na herstelde volksvryheid is [nl. die Stigting van die huis]. Met die daaropvolgende volksvergadering is 'n unieke konsep voorgelê, en eenparig aanvaar, vir die beginsels wat nagestreef moet word om 'n Teokratiese volkshuis tot stand te bring.

Vanuit hierdie neergelegde beginsels is 'n konsep Grondwet ontwikkel wat weer by 'n daaropvolgende volksvergadering na deeglike oorweging, eenparig aanvaar is.

Sinkroniserend met die Teokrasieverslag en die konsep Grondwet is konsep verordeninge opgestel met betrekking tot burgerskap vereistes, burgerdiens en staatsdiens.

Hierdie konsep verordeninge is ook deur daaropvolgende volksvergaderings goedgekeur.

Tot op hierdie stadium was die denke van Pres. Kruger aanvaar as basis van besluitneming, nl.: "deur die stem van die volk hoor ek die stem van GOD." Vanuit die opdrag van VV2009 aan die Gelooftevolk Koördineringskomitee (GKK) as voortsettings komitee, was Flip Swanepoel in 2017 getaak om die verloop van die voorbereiding sedert 2009 in oënskou te neem en in toekomsgerigtheid te formuleer.

'n Kosbare dokument getiteld: "Die enigste pad na volksvryheid" is opgestel en moet nog ter insae en vir goedkeuring beskikbaar gestel word. Verder lê dit op die pad van die GKK en die volgende volksvergaderings om onder leiding van die GEES van JHWH, verdere primêre verordeninge op te stel as gepositifeer vanuit toepaslike SKRIFTUURLIKE riglyne en te sinkroniseer met die Teokrasieverslag en die Konsep Grondwet. Sodanige voorsiening is

noodsaaklik om die geboorte van die soewereine Volkshuis van Bloedrivier ordelik en tot lof van haar KONING te laat verloop.

Die KONING van alle konings, die KONING van die Geloftevolk, gee die versekering aan hierdie volk wat HY reeds vroeg al verhef het tot 'n uitverkore geslag, 'n koninglike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk wat JHWH (die HERE) se eiendom is om SY lof te verkondig ,.....aan hulle gee HY die versekering: "EK is hulle erfdeel" (Eseg.44:28 in die lig van 1Petr.2:9). Hiervoor moet ons ons statutêr voorberei. So was dit besluit by Vegkop 2009 en moet ons die tyd uitkoop totdat die GEES ons volk gaan dryf om te buig in ootmoed om geestelik versterk te word en te wag totdat die ongeregtigheid van die Kussiet vol geword het. (Sef.2:12;3:15a,19a).